# Herdenk

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**



Sondag 22 Februarie 2026
Tema: **Gestroop van sekerhede**




**INLEIDING:**

Kwartaal temas 2026

| Kwartaal | Fokus | Detail | Sosiaal |
| --- | --- | --- | --- |
| Kwartaal 1 | Herdenk | Ou testament + Lydenstyd | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

"Maak klaar gaan Bet-El toe"

As ons vir 'n reis gereed moet maak om God iewers op aarde te gaan ontmoet,

hoe sal julle voorbereiding lyk?

Mag dié herdenk pad ons bring tot 'n inkyk en opkyk na die lewende God.

Onthou:

Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep **aan te moedig** (*soos Sondag se teks in Hebr 10 ons geleer het*), om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.




**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

- Prys die Here vir Sy Almag, grootheid en liefde vir Sy skepping
- Bid dat Sy wil geskied in julle groep dié jaar
- Tree in vir ons dorp, omgewing (reën), en persoonlike geloofsverhoudinge.

3. **Gestuur**

Beplan om iets bymekaar te maak en te stuur vir die stuursel (sending projek) wat jul ondersteun.

## Skrif:

**Teks: (Lees die hele 1 Konings 17 saam)**

## Kengedagte:

- "**Gaan**............ "

Deel met mekaar wat vir julle uitgestaan het in 1 Konings 17

___

___

___




**Skrif:**
**Teks: 1 Konings 17**

[2] Die woord van die Here het tot Elia gekom en gesê: [3] "Gaan hiervandaan af ooswaarts en gaan versteek jou in Kritspruit, anderkant die Jordaan.

Ons wil soms alles met krag en mag dinge regruk. Maar in die woord lees ons gereeld waar die Here ons lei na 'n wegbreuk, stilword, eenkant wees metodiek terwyl Hy aan werk in ons is.

- Wat wil jy dalk regruk in die lewe as jy kan?
- Watter betekenis het hierdie gedagte in julle lewe?
- Stuur die Here jou dalk na 'n stil plek toe saam met Hom?

As ons dink aan God wat op bonatuurlike en verrassende maniere voorsien — van Sarah se swangerskap tot die weduwee van Sarfat — hoe beïnvloed dit julle vertroue in God se sorg vandag?
Waar vind julle dit maklik of moeilik om Hom as Versorger te vertrou?




By die Krit het God vir Elia versorg. Daarna sê Hy: “Gaan…”
Versorging word gevolg deur sending.

Hoe help God se voorsiening ons om gehoorsaam te wees wanneer Hy ons stuur?
Waar sien julle dat God reeds besig is om te werk – en dalk vir julle daarheen wil stuur?

Na wie toe stuur die Here
(a) jou as persoon?

(b) Na wie stuur de Here julle as gesin/ groep om ’n verskil in iemand se lewe te maak?

God is inderdaad tot alles in staat!

**Konkrete daad:**

As God deur jou lewe verheerlik moet word, waarvoor behoort jy Hom nou te vra?
Wat sou dit beteken om só te bid?

**Gebed**